

Maandag 3 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 3:1-5, 22,
23

Fokusgedeelte: Jeremia 3:4, 23

Offer jou hart aan Hom alleen

Die Here is getroud met sy volk. Hy het met haar 'n verbond gesluit. Sy is aan Hom verbind, maar sy het soos 'n prostituut geword en haarself laat onteer met ander afgode. Moses het in Deuteronomium 24:1-4 geleer dat 'n geskeide man nie weer die vrou van wie hy geskei het, mag trou as sy intussen weer getrou het nie. Die volk het van die Here, haar Man, "geskei" en gehoereer - met ander gode "getrou". Tog dink hulle terselfdertyd dat hulle sonder bekering aan die Here getroud kan bly. Hulle voel steeds geregtig om die verbondsbeloftes te verkry. Die Here verseker hulle dat dit nie so kan wees nie.

Die Here is jaloers en soek sy bruid vir Homself en Hy sal nie haar ontrouheid duld nie. Tog is Hy gereed om hulle te vergewe. Hy sal die verhouding herstel as hulle terugkeer en Hom alleen dien. So roep die Bruidegom deur die profeet: "Keer terug! Ek sal vergewe!" Watter God is daar, soos ons God, wat so genadig is en só vergewensgesind is! Selfs nadat sy "vrou" keer op keer ontrou was aan Hom, sal Hy haar terugneem en haar vergewe!

So is die Here ook jaloers op jou hart. Hy soek jou hart, jou aanbidding vir Homself en sal dit nie duld wanneer jy jou hart uitleen aan iets of iemand anders nie. Mag die Here deur sy Heilige Gees ook vir jou wys waar jou hart verdeeld is. Waar jy ontrou is aan jou Maker en jou Man. Erken dan, soos die Samaritaanse vrou by die put (Joh. 4) dat jy "meer as net een man" het.

Soms is ons, soos die volk van ouds, hardnekkig en wil ons nie onself geheel en al aan die Here wy nie. Dan bring Hy ons maar weer keer op keer op ons knieë soos die melaatse man en ons bid: "Here, as U wil, kan U my reinig" (Matt. 8:1-4). Daar is vir ons genesing van ons sonde-melaatsheid, maar ons moet erken dat ons wél melaats is en dat Hy ons kan en wil genees! Waarlik, in die Here Jesus Christus is ons heil en Hy antwoord: "Ek wil; word gereinig! En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig".

In en deur Jesus Christus is die Here jou Vader en jou Vriend (vs 4). Offer jou hart aan Hom alleen.

Sing: Psalm 51-1:3, 4

Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)